# Hoofstuk van die dag: 2 Tessalonisense 2

_En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God

ons Vader._ (vers 16-17)

Die gelowiges van Tessalonika was op hol en verward oor die wederkoms, en Paulus gee in dié hoofstuk twee merkers vir die einde: die optrede van die "wettelose mens" (vers 8; elders die Antichris genoem) en die toenemende geloofsafvalligheid in die wêreld (vers 3).
Of die Antichris al met ons is, weet ek nie, maar die toenemende afvalligheid is daar vir almal om te sien. Die vraag is: hoe leef 'n mens as gelowige in 'n tyd van geestelike verval en toenemende verleiding en misleiding? Vers 13-17 wil ons hiermee help.

- Hou met jou hele hart vas aan die wonderlike troos: "Die Here het jou lief" (vers 13-14).
- Moenie jou ore uitleen vir geloofs-onsin nie (vers 15). Bly by wat jy geleer het en luister na die mense wat jy vertrou.
- Jou geloof word versterk, sê Paulus in vers 16-17, deur die goeie wat jy in woord en daad doen.

Ons leef in die laaste dae. Die Here is aan die kom! Gelukkig is die een vir wie die Here by sy wederkoms aan die werk sal vind (Matt 24:46).

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief

Argief Kies 'n maand


- Lees die Bybel saam met my

© Bybelkoerant 2018 – 2026